Desember 2015 No 45

Koejawel Nuus

Koejawel Produsente Vereniging
Guava Producers' Association

Hoofstraat 258 Main Road
PAARL 7646
Posbus 426 P O Box
PAARL 7620

☎ [021 872-1501
Fax [021] 872-2675
: victor@guavas.co.za
: **www.guavaproducers.co.za**

Redakteur/ Editor W**iehahn Victor**

Inhoudsopgawe / Index

	Bladsy
Inhoudsopgawe	1
Uit die Voorsitter se pen	2 - 3
Koejawelpitte	4
Ledeheffings	4
Spuitstof Ontledings vir 2015	5
Belowende Koejawel Seleksies in die W-K	6 - 7
Kersgroete	8

UIT DIE VOORSITTER SE

Die jaar wat gekenmerk word as een van die droogste wat ons nog beleef het staan op 'n einde. Wat vir ons wag voor ons volgende koejawels oes weet ons nie en of die water in damme gaan hou.
Dit sal beslis `n invloed op volgende jaar se oes hê.

Daar was vanjaar n groot vraag na koejawels, veral sap koejawels. In dié lig gesien hoop ons op n groter oes om in die vraag te voorsien.

Vir die 2015 oes staan ons nou op ±25 500 ton wat toe meer is as wat ons verwag het met die Wes-Kaap koejawels wat swakker was as gevolg van droogte en min reën in die winter. Gelukkig het die Suid-Kaap goed reën gekry en het ons produsente daar opgemaak vir die swak oes in Wes-Kaap om op 'n normale oes te eindig.

Die Varsmark wat ons skat is ongeveer 6000 ton en dit sluit smouse en plaaslike mark en winkels in. Let daarop dat dit slegs n geskatte tonne is en moeilik is om te bepaal.

Die inmaakverwerking het op ±2 000 ton gestop wat minder is as verlede jaar. Die inmaakproses het stadig begin met gehalte wat vroeg as gevolg van die droogte nie na wense was nie.

Vir inmaakgraadkoejawels word beter pryse verkry. Sal graag wil sien dat die inmaak mark groei sodat ons tonne meer versprei word tussen Inmaak, Sap en Vars koejawels.

Vir die Sap / Puree mark staan ons ongeveer op 17 500 ton en was nog steeds ondervoorsien . Die pryse het goed aangepas om by te bly by vraag. Die vraag na Sap koejawels in die noorde raak al hoe groter na Wes-Kaap koejawels soos boorde daar uitsterf as gevolg van verwelksiekte en ander faktore.
Daar word nou nuwe seleksies koejawels uitgeplant op Robertson se proefplaas vir evaluering en as daar enige iets belowend uitkom sal dit beskikbaar gestel word. Hulle kyk vir smaak, kleur, minder pitte en hoër tonnemaat.

Dan bedank ek my bestuur, die verwerkers, asook produsente en hul werkers vir hul bydrae tot die Koejawelbedryf.
Saam is ons 'n span om die bedryf suksesvol vorentoe te neem.

Spesiale dank aan ons Bestuurder, mnr Wiehahn Victor en sy span wat so baie vir die vrugtebedryf doen en dan ook spesifiek vir die Koejawel Produsente Vereniging.

Mag julle almal `n baie Geseënde Kersfees hê.

Groete

Poena Malherbe
Voorsitter

KOEJAWELPITTE

Seisoen van 2015

Die koejawel Produksie vir die 2015-seisoen in die Wes- en Suid-Kaap het ± 25 500 ton beloop. Hierdie tonnemaat is hoër as die aanvanklike oesskatting wat in die begin van die seisoen gemaak is. Die droogte het in sommige areas klein vrugte tot gevolg gehad, maar oor die afgemeen was die gehalte goed.

Marktoestande

Die vraag na koejawels vir verwerking (sap en inmaak) is tans besonder sterk. Verwerkers kon nie genoeg koejawels vir verwerking kry nie. Die vraag na koejawels in die Kaap is ook beïnvloed deur 'n kleiner aanbod van koejawels in die Noorde. Goeie gehalte vars koejawels vir die mark was ook goed in aanvraag.

Generiese Promosie

Gedurende 2015 is promosie van koejawels in die gedrukte media gedoen. Pragtige artikels oor koejawels het onder andere verskyn in "Vrouekeur" ; "Farmers Weekly" ; "Die Burger" ; "Your Family" & "Food and Home". Die verskeidenheid van gebruik en gesondheidswaarde van koejawels is beklemtoon.

LEDEHEFFING : VARS VERKOPE

Produsente wat koejawels gedurende die 2015 seisoen vars bemark/verkoop het, moet asseblief hul ledeheffings aan die Vereniging oorbetaal. Ledeheffings beloop R8-00 per ton koejawels wat vars bemark is. Gelde kan inbetaal word by:

ABSA Bank, Rekening no. 400 159 459
U ondersteuning vir u Vereniging word waarder

SPUITSTOF ONTLEDINGS VIR 2015 SEISOEN

Die koejawel verwerkingsbedryf het weereens chemiese spuitstof ontledings vir die 2015 seisoen op vars koejawels by lewering gedoen. Die monsters is by lewering by die fabriek of depot op 'n ewekansige trekking gedoen.

In die onderstaande tabel word die aantal ontledings per verwerker vir die afgelope twee seisoene gegee. Die bedryf het 'n skoon oudit gekry en geen oorskrydings is aangeteken nie.

Ontledings is ook by BEMLAB laboratoruim gedoen vir Swaarmetale. Altesaam twintig vars en/of pureé monsters is ontleed vir onder andere lood, koper, arseen, mangaan, tin, yster en kadmuim. Ook hier was die uitslae sonder enige oorskrydings

KOEJAWELS ONTLEED PER VERWERKER

VERWERKER	2014	2015
Langeberg & Ashton Foods	29	39
Boland Pulp	20	49
RFG Foods	13	24
Ceres Fruit Processors	8	10
TOTAAL	**70**	**122**

- Wiehahn Victor

DIE EVALUASIE VAN BELOWENDE KOEJAWELSELEKSIES IN DIE WES-KAAP

S. Willemse, C.F. Human en A.D. Sippel
Lanbounavorsingsraad - Instituut vir Tropiese en Subtropiese Gewasse
Privaatsak X11208, Nelspruit, 1200
E-pos: salomie@arc.agric.za

Belowende koejawelseleksies van die LNR-ITSG koejawelteelprogram is geïdentifiseer in die Malalane area in Mpumalanga. Hierdie seleksies is geëvalueer en vergelyk met die huidige twee kommersiële kultivars, naamlik 'Fan Retief' en 'TSG2'. Die belangrikste eienskappe wat tydens die evaluasies inaggeneem is, is hoofsaaklik interne vrugkleur, saadinhoud, vrugvorm, smaak en algemene indruk van die vrugte.

As gevolg van die sluiting van die proefplaas waar die seleksies geïdentifiseer is, is die belowende seleksies op TSG2-onderstamme in die Nelspruit kwekery geënt. Aangesien daar 'n groot behoefte vir nuwe, verbeterde kultivars in die koejawelbedryf is, is daar besluit om hierdie seleksies in die Wes-Kaap te evalueer. Steggies is gemaak vanaf die geënte materiaal en in vermikuliet gesit in die misbed sodat beworteling kan plaasvind. Altesaam 36 seleksies en die twee kommersiële kultivars, is na LNR-Infruitec vervoer waar dit in 'n komposmengsel oorgeplant is. 'n Permit vir die vervoer van hierdie plantmateriaal is verkry vanaf Departement van Plantbeskerming a.g.v. die probleem met Koejawelverwelksiekte in die Noorde. Plantmateriaal waar die steggies gesny is, is ook op plate gesit en deur die Plantpatologie afdeling van die LNR-ITSG ondersoek om te sertifiseer dat die plantmateriaal wat Wes-Kaap toe vervoer is, skoon is van die Koejawelverwelksiekte patogeen. Al die materiaal was skoon en is op 10 November 2015 op Robertson proefplaas in 'n statistiese proefontwerp, gevestig.

Wanneer hierdie seleksies in drag is sal opbrengs en interne vruggehalte vasgestel word asook vergelyk word met 'Fan Retief' en 'TSG2'.

Op 'n latere stadium sal die koejawelgenebank ook na Robertson proefplaas geskuif word sodat 'n teelprogram spesifiek vir die Wes-Kaapse koejawelbedryf, op die been gebring kan word.

Van die seleksies wat op Robertson geplant is, kan hieronder gesien word.

Die Voorsitter, Bestuurslede asook die personeel van die

KOEJAWEL PRODUSENTE VERENIGING

Wens u 'n vreugdevolle feestyd en 'n Voorspoedige 2016

The Chairman, Members and staff of the

GUAVA PRODUCERS ASSOCIATION

Wish you a joyful season and a prosperous 2016